FREE STATE BADMINTON ASSOCIATION

VRYSTAAT PLUIMBAL-VERENIGING

Affiliated to BADMINTON SOUTH AFRICA — Geaffilieer met PLUIMBAL SUID-AFRIKA
TEL.: 051 5073453 FAX.: 086 6106949 Posbus / P. O. Box 11985, UNIVERSITAS, 9321
Sel / Cell: 0824001220 Epos/Email:hvermaak@cut.ac.za

Aan die begin van die nuwe jaar se Pluimbalprogram wil ons as Uitvoerende Komitee van Vrystaat Pluimbal graag die volgende onder almal se aandag bring wat betrokke is by Plumbal in die Vrystaat.

Eerstens rakende Pluimbalafrigting. Die volgende persone is die enigste gekwalifiseerde aktiewe afrigters in die Vrystaat Pluimbal gebied:

Vlak 4 (Nasionaal): Martin Dednam, Johan Kleingeld
Vlak 3 (Provinsiaal): Herbert Miles
Vlak 2 (Gevorderd): Chris Dednam, Roelof Dednam, Wiaan Viljoen, Engela Dednam
Vlak 1 (Klub): Dawid Coetzee, Helena Viljoen, Corrie de Vos, Thabang Maseme, Ina Bezuidenhoudt, Soentjies Louw, Hiltrude Loesch, Johan Bester

Wiaan Viljoen begin hierdie jaar 'n Junior Pluimbal akademie en persone wat belangstel om meer uit te vind kan Wiaan kontak. Roelof Dednam is die Junior Voorsitter en enige saak rakende Junior Pluimbal kan u met hom bespreek.

Die tweede saak wat ons wil onder almal se aandag bring is die van fondswerwing. Vrystaat Pluimbal is bereid om 'n 10% kommissie aan persone te betaal wat KONTANT donasies van R 2000-00 en meer inbring. Dit word weer beklemtoon dat kommissie slegs op kontantbedrae betaal sal word wat inbetaal word in Vrystaat Pluimbal se fondse. Vrystaat Pluimbal sal die kommissie bereken en oorbetaal aan persone. Enige iemand wat meer inligting wil bekom kan Herman Vermaak kontak.

Hierdie jaar sal geen inskrywings vir Grand Prix toernooie wat laat is, aanvaar word nie. Daar word lotings vooraf gedoen en laat inskrywings veroorsaak dat die reëlings omvergegooi word en dat spel laat begin. Die Grand Prix toernooie gaan op Vrydagaande gehou word met die Juniors wat reeds om 16:00 sal begin met die seniors om 18:00. Alle inskrywingsvorms sal na die onderskeie klubs gestuur word. Inskrywingsvorms moet deur die klubbestuur geteken word, om te bevestig dan die spelers geaffilieer is, anders sal die inskrywings nie aanvaar word nie. Onthou dat slegs geaffilieerde spelers aan toernooie mag deelneem.

Spelers word herinner om hulle te vergewis van die vereistes om te kwalifiseer om gekies te kan word om Vrystaat Pluimbal by toernooie te kan verteenwoordig.

Laastens wil die komitee dit weereens beklemtoon dat geen berigte na die media/skole gestuur/geplaas mag word rakende Vrystaat Pluimbal, indien dit nie deur die Voorsitter goedgekeur is nie. Ons wil graag publisiteit vir pluimbal hê, maar dit moet die korrekte feite wees wat gepubliseer word in die media.

Indien u enige verdere inligting benodig kontak gerus een van die Komiteelede wie u met graagte sal help.

Pluimbal Groetnis

Herman Vermaak
2010-01-25

Vrystaat Pluimbal Uitvoerende Komiteelede & Junior Voorsitter:

Voorsitter:	Herman Vermaak (Prof)	Tel. 051 4462289 / 082 400 1220
Sekretaresse:	Debbie Smit (Mev)	Tel. 051 4464172 / 051 405 4767
Onder-Voorsitter :	Francois Smit (Mnr)	Tel. 051 446 4172 / 083 287 3736
Tesouriere:	Regina Erasmus (Mev)	Tel. 051 444 6674 / 082 493 7375
Wedstrydsekretaresse:	Elaine Dednam (Mev)	Tel. 051 522 1528 / 083 388 8698
Ontwikkellingsbeampte:	Thabang Maseme (Mnr)	Tel. 051 435 2902 / 073 674 9381
Junior Voorsitter:	Roelof Dednam (Mnr)	Tel. 051 5221528 / 083 504 8946

Pluim Pryse:

Plastiek:
Mavis 2000: R 170 p/dos
Mavis 350: R 160 p/dos

Veer:
RSL Silver 73 R 135 p/dos

Kan Pluime koop by:
Herman Vermaak en
Francois Smit

Riglyne Vir Kies Van Verteenwoordigende Spanne

"Verteenwoordigende spanne" sal beteken spanne wat die Vrystaat op SA Inter-provinsiale toernooie en ander amptelike Inter-provinsiale toernooie (3 & 4-hoekig) verteenwoordig.

"Bevestiging van affiliasie" sal beteken dat 'n instansie wat bevestig dat 'n speler deur die instansie by die VSPV geaffilieer is/word, onvoorwaardelik verantantwoordelikheid aanvaar vir die oorbetaling van die betrokke affiliasiegelde aan die VSPV ongeag die reëlings vir betaling wat met die geaffilieerde speler aangegaan is/word.

2.1 Geen speler kan vir 'n verteenwoordigende span gekies word nie indien die speler nie skriftelike bevestiging kan voorlê dat hy/sy amptelik by die VSPV geaffilieer word nie, hetsy deur die Junior Komitee (namens 'n skool/sosiale klub) of 'n klub wat amptelik by die VSPV geaffilieer is.

2.2 Junior spelers tot en met 0/19 kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word -

1. indien hulle aan die toepaslike Geslote toernooi deelgeneem het, tensy hulle 'n geldige verskoning wat die Junior Komitee aanvaar het, vooraf aangebied het; en/of
2. indien hulle voldoen het aan enige ander amptelike vereistes wat die Junior Komitee bepaal het.

2.3 Alle ander spelers tot en met Groot Meesters kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word -

1. indien hulle in 50% van die toepaslike liga-wedstryde vir hul klubs speel; en
2. indien hulle in ten minste 50% van die amptelike Grand Prix-toernooie (die Voorgee-toernooi ingesluit) speel, tensy die datum van hul toepaslike Geslote toernooi hierdie reël onmoontlik stel, in welke geval die Grand Prix toernooie van die onmiddelik voorafgaande jaar in ag geneem sal word; en
3. indien hulle beskikbaar is vir elke verteenwoordigende span waarvoor hulle volgens ouderdom mag kwalifiseer, tensy hulle skriftelik 'n verskoning wat vir die VSPV aanvaarbaar is indien (bv. Onvermydelike werkvereistes, siekte, ens.); en
4. indien hulle aan die toepaslike Geslote toernooi deelneem, tensy hulle skriftelik 'n verskoning wat vir die VSPV aanvaarbaar is vooraf indien (bv. Onvermydelike werkvereistes, siekte, ens.); en
5. indien hulle deelneem aan 'n bepaalde getal groepoefeninge wat die VSPV of sy sub-komitees mag instel met die oog om sy spelers beter te laat voorberei vir verteenwoordigende toernooie.

2.4 Alle ander spelers wat as Silwer Arende kwalifiseer kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word
2.4.1 Indien hulle aan die Silwer Arende Geslote toernooi deelneem.

2.5 Behalwe vir bogemelde kwalifikasies sal die keurders daarna streef om te alle tye die sterkste moontlike spanne, gebaseer op huidige vorm en vermoëns, te kies.

2.6 Die Juniors uitgesluit, mag daar van tyd tot tyd voorkeur gegee word aan jonger spelers met die kies van die spanne maar slegs indien die jonger speler volgens huidige vorm en vermoë nie 'n beduidende swakker proposisie as die ouer speler is nie, (gesien in die verband waarvoor die betrokke speler aangewend gaan word) en die jonger speler dus nie die span in die geheel gesien, sal verswak nie.

2.7 Waar spanne slegs op meriete gekies word, sal 'n span bestaan uit hoogstens 4 mans en 4 dames. Wanneer spanne ingevolge BSA reëls spelers van kleur of ontwikkelingsspelers MOET insluit en sodanige spelers haal nie die span op meriete nie, kan hoogstens 1 addisionele man en dame by die span ingesluit word.

Meer as bogemelde spelers kan wel die span vergesel (op eie kostes) om in SA's te speel, maar hulle sal nie vir provinsiale kleure in aanmerking kom nie.

2.8 Die volgende reël geld slegs vir spanne vanaf Veterane tot en met Groot Meesters. Die keurders moet bogenoemde riglyne vir die kies van spanne nakom. Indien daar nie genoeg spelers is wat kwalifiseer en beskikbaar is om gekies te kan word nie, het die keurders die reg om 'n maksimum van twee spelers wat nie aan al die vereistes voldoen nie te mag kies. Spelers wat kwalifiseer, ongeag hul sterkte, moet voorkeur geniet vir keuse tot die span indien hulle beskikbaar is.